**Maandag 16 Januarie**
**Skrifgedeelte: Esegiël 36:24-32**
**Fokusgedeelte: Esegiël 36:22**
**Bekeer jou ter wille van God se Naam**

God is heilig, daarom moet sy volk ook heilig wees en sonder sonde in gehoorsaamheid aan Hom lewe. Dit het Israel nie gedoen nie. God vertoorn Hom oor die sonde en hulle word in ballingskap weggevoer. Steeds doen hulle sonde en onteer die Naam van die Here.

As heilige God kan Hy dit nie daar laat nie. Hy gryp in en bewerk verandering. Dan vind ons hierdie treffende beskrywing van God se guns (genade) in die bekering van God se volk. Ons lees hier net van God se weldade. Hy maak hulle bymekaar en bring hulle na hulle grond. Hy reinig hulle en gee vir hulle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees. Hy sal die hart van klip verwyder en sorg dat sy vaste voorskrifte nagekom word. Sodoende sal almal besef dat Hy die heilige en almagtige God is. So sorg God Self vir die eer van sy Naam.

Ons is ook skuldig aan sonde en ongehoorsaamheid. Ons onteer sy Naam op baie terreine van die lewe. Om die eer van sy heilige Naam te herstel, het God sy eniggebore Seun, Jesus Christus, gestuur om versoening vir ons sonde te doen. En deur die Heilige Gees woon en werk God in ons harte en lewens om ons voortdurend te bekeer, om ook vandag met sy krag teen die sonde te stry en om met lus en liefde (nuwe harte) volgens die wil van God te lewe.

Dan sal ons gereeld bid: “Laat u Naam geheilig word.” Dan sal ons moeite doen om Hom reg te ken sodat ons sy Naam reg kan bely, en sal ons Hom roem en prys in al sy werke waarin sy heerlikheid skitter. Dan sal ons lewe ook gerig wees op die enkele doelwit om met ons woorde, dade en gedagtes sy Naam te eer en te prys.

*Sing: Skrifberyming 14 (8-1):1, 2*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)*